


Jaarverslag

2012



Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY



Inhoudsopgawe

1. Inleiding	3
2. Hoogtepunte van die jaar	4
3. Ons strategiese prioriteite	4
3.1 Herinrigting van biblioteekruimtes	4
3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid	6
3.3 Ondersteuning en deel van institusionele vakkundige publikasieuitset	7
3.4 Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige reeks inligtingshulpbronne	10
3.5 Bevordering van 'n positiewe organisatoriese leer- en innovasiekultuur onder personeel	12
3.6 Voorsiening van ultramoderne inligtingstegnologie-infrastruktur om ons gebruikers se veranderende behoeftes te ondersteun	14
4. Spesiale Versamelings: Bydrae tot navorsingspublikasieuitset	15
5. LibQUAL-opname	15
6. Bemarking en kommunikasie	16
7. Slotopmerkings	17



1. Inleiding

"Because of the fundamental role that academic libraries have played in the past century, it is tremendously difficult to imagine a college or university without a library. Considering the extraordinary pace with which knowledge is moving to the Web, it is equally difficult to imagine what an academic library will be and do in another decade."

(Derek Law, 2009)

So, wat impliseer dit vir die kernwerksaamhede van akademiese biblioteke, en hoe reageer biblioteke soos die Universiteit Stellenbosch (US) Bibliotek- en Inligtingsdiens op hierdie veranderinge en uitdagings? 'n Oorsig van die literatuur oor die strategiese inisiatiewe van verskeie vooraanstaande internasionale akademiese biblioteke lig van die belangrikste veranderinge, uitdagings en ontwikkelings uit wat 'n beduidende invloed sal hê op die akademiese biblioteek van die toekoms. Dit is baie duidelik dat faktore soos die veranderende aard van gebruikers sowel as die veranderende inhoud en nuwe vorme van navorsing 'n aansienlike en voortgesette impak op akademiese biblioteke sal hê. Juis teen die agtergrond van hierdie groetrajek is die bevindings van CIBER (2007) besonder merkwaardig. Volgens CIBER is die sprekendste kenmerk van hedendaagse studente – synde digitale boorlinge en die navorsers van die toekoms – dat hulle nie inligtingsgeletterd is nie, met 'n groot kennisleemte wat oorbrug moet word. Vir die akademiese biblioteek van die toekoms impliseer 'n bydrae tot die oorbrugging van hierdie kennisleemte dus nuwe benaderings en nuwe rolle vir die biblioteek.

In hierdie uiters snelbewegende kennis-era sal die hoofkenmerke van die akademiese biblioteek van die toekoms bepaal word deur die ontwikkeling van 'n nuwe diensleveringsmodel: 'n verpersoonlikte en pasgemaakte diensmodel met omvattender rolle vir die biblioteek. Die akademiese biblioteek van die toekoms sal geken word aan die voorsiening van buigsame, geïntegreerde fisiese en digitale ruimtes, onderstut deur die beginsel van *e-met enigiets*. Fisiese ruimtes sal sosiale interaksie en medewerking aanmoedig, en sal netwerkvorming ter ondersteuning van kontemporêre hoëronderwyspedagogieë

fasiliteer. Die gebruik van sosiale netwerktegnologieë sal die norm word. Deur middel van kitsboodskappe, SMS'e, e-pos, sosiale netwerke en persoonlike kontakmetodes sal die biblioteek die gemiddelde navorsers op sy/haar bepaalde punt van behoefté van multimodale steun voorsien om inligting op te spoor, data te bestuur en in institusionele bewaarplekke en ooptoegangsstydkrifte te publiseer.

Daarbenewens sal die rol van die biblioteek in die verspreiding van vakkundige uitsette die norm word. Vakkundige publikasie sal dermate uitbrei dat 'n diverse, mediaryke ooptoegangsargief en -publikasienetwerk tot stand sal kom wat, as deel van die wêreldwye ooptoegangsnetwerk, toegang tot navorsingsuitsette in die vorm van data, voordruk- en nadruk-kopie, en kreatiewe en studentewerk sal bied, en dit ook sal bewaar. Institusionele bewaarplekke, soos SUNScholar aan die US, sal 'n al hoe belangriker rol speel om universiteite se intellektuele kapitaal te ondersteun en te bestuur. Dit sal die skep en uitruiling van kennis fasiliteer, wat op sy beurt die biblioteek se verspreidingsrol sal verruim, en inhoud van meestal teksgebaseerde tot multimedia-inligting sal uitbrei.

Tog, hoewel die toekoms van die akademiese biblioteek lewenskragtig en robuus lyk, is daar ook uitdagings om die hoof te bied. Van hierdie uitdagings sluit in die eksponensiële tempo waarteen meer bekostigbare en robuuste breëbandtoegang ontwikkel, verhoogde afhanklikheid van draadlose en mobiele toegang, goedkoper en beter aanlynwolkberging, en die ontwikkeling van rekenaarwolke vir kreatiewe medewerking. 'n Verdere uitdaging is die skep van nuwe metodes van aanlyninteraksie; die gebruik van geïntegreerde, verpersoonlikte, wolkgebaseerde netwerke om e-pos, kitsboodskappe, mikroblogs, sosiale nuus, ensovoorts te vermeng – wat alles deur middel van verskaffers soos Google, MSN en Yahoo beskikbaar sal wees – en die gevoldlike transformasie van aanlynteenwoordigheid en -dienste.

Dit is noodsaaklik dat biblioteke voortdurend van hierdie veranderinge en uitdagings bewus sal wees, en energiek sal aanpas en dienste sal ontwikkel wat relevant en nuttig is vir

hierdie nuwe kader gebruikers (studente en nuwe navorsers). In die lig hiervan, en teen die agtergrond van huidige internasionale tendense in die hoër onderwys en akademiese biblioteke, het ons strategiese aksies vir 2012 voortgebou op ons suksesvolle aksies en inisiatiewe van 2011 om hierdie uitdagings die hoof te bied. Soos voorheen, was die onderliggende doelwit van die Biblioteek se strategiese aksies gedurende 2012 om tot die instelling se strategiese plan by te dra. 'n Oorsig van hierdie aktiwiteite toon duidelik dat die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n beduidende bydrae tot die Universiteit se strategiese oogmerke gelewer het, bepaald die vyf strategiese doelwitte in die omgewing van die Viserekotor: Navorsing en Innovasie.

Biblioteek- en Inligtingsdienstema vir 2012: "Matie Biblioteek in hoogste rat"

2. Hoogtepunte van die jaar

Gedurende 2012 het die Biblioteek goeie vordering gemaak met digitalisering en digitale dienste, veral die digitalisering van bepaalde spesiale en musiekversamelings. Personeel het met welslae digitalisingsmetadata en werkvluioprosesse opgestel om die suksesvolle inwerkingstelling en aanlynbekendstelling van die Biblioteek se Digitale Versamelings in 2013 te verseker.

Die US/Elsevier-vennootskap, wat aanvanklik in 2009 gesluit is, is tot in 2012 verleng. Hierdie vennootskap bied die Universiteit beter toegang tot aanlyninhoud, vaardighedsopleiding, en kundigheid oor navorsingsprestasiebestuur. Binne die bestek van die vennootskap het die Biblioteek verskeie opleidingsessies aangebied. Dié sessies is deur 'n groot aantal studente en akademici bygewoon en is allerwee goed ontvang.

Die Biblioteek het ook met goeie gevolg die Ooptoegangs fonds in die lewe geroep om outeurs by die Universiteit by te staan om in ooptoegangstydskrifte te publiseer. Gevolglik is ooptoegangsartikelfooie ten bedrae van sowat R484 655.00 gedurende die jaar onder beskouing aan navorsers oorbetal. Die US is die enigste instelling op die Afrikavasteland wat so 'n fonds suksesvol kon ontwikkel en in werking stel. Dít getuig van die Universiteit se verbintenis tot oop toegang tot navorsing en kennis ten einde die land en streek verder te ontwikkel, navorsing te

fasiliteer, en navorsingsamewerking aan te moedig.

Die Biblioteek het volhard in sy strewe om 'n kampvegter vir makliker toegang tot vakkundige en akademiese publikasies op die Afrikavasteland te word. Die aantal items in die SUNScholar-bewaarplek het tot meer as 49 000 items aangegroei; slegs sowat 30 ander instellings ter wêreld beskik oor bewaarplekke van vergelykbare omvang. Daarbenewens het SUNScholar gedurende die jaar onder beskouing 157^{ste} geëindig op die Webometrics-ranglys van navorsingsbewaarplekke wêreldwyd, wat op die groter sigbaarheid van die US se navorsingsuitsette duï.

Sedert die bekendstelling van SUNJournals in Oktober 2011 het die Biblioteek se aantal vaktydskrifte op dié platform tot 16 titels aangegroei, met 'n verdere twee aan die kom. Die Biblioteek het hom as 'n leier in die ontwikkeling van ooptoegangstydskrifplatforms bewys, en sy ervarings en suksesse met nasionale en internasionale gehore by konferensies en in geakkrediteerde publikasies soos die *South African Journal of Library and Information Science* gedeel.

Die aanbieding van die Berlyn 10-optoegangskonferensie was 'n baie belangrike geleentheid vir die Universiteit. Die konferensie is op 7 en 8 November 2012 aangebied, met vyf voorkonferensies op 6 November. Van die toonaangewende kundiges wat by die konferensie aan die woord was, was die ondervoorsitter van die Wêreldbanks (mnr Cyril Muller), die Europese Unie se kommissaris vir navorsing, innovasie en wetenskap (me Máire Geoghegan-Quinn), die dekaan van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe van die Universiteit van Namibië (prof Kingo Mchombu) en die adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en vooruitgang van die Universiteit van Johannesburg (prof Adam Habib). Onder die sprekers in die openingssessie was prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die US, en dr Horst Freitag, die Duitse ambassadeur in Suid-Afrika.

3. Ons strategiese prioriteite

3.1 Herinrigting van biblioteekruimtes

Een van die beduidendste tendense in akademiese biblioteke wêreldwyd is die herinrigting van biblioteekruimtes in antwoord op die immer veranderende hoëronderwys-paradigma. Die US se Biblioteek het positief op hierdie


tendens gereageer met twee onlangse vlagskipprojekte, naamlik die vestiging van die Leersentrum sowel as die Carnegie Navorsingsruimte in 2011.

Hoewel hierdie ruimtes albei reeds langer as 'n jaar bestaan, het hul diensaanbod in pas met veranderinge in die instelling uitgebrei. Benewens die oprigting van hierdie sentrums, het die US verder op die internasionale tendens gereageer met die konstruksie van die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek in die Ingenieurswese-kennissentrum, wat in Julie 2012 geopen is.

Leersentrum

Sedert die opening van die Leersentrum in Januarie 2011 het die gebruik van dié fasiliteit beduidend toegeneem. Die deurdagte inrigting van ruimtes in die sentrum ondersteun formele en informele medewerking sowel as individuele studie. Hierdie innoverende ruimtes en fasiliteite, asook die verwante dienste wat in die Leersentrum aangebied word, dra tot die hoëronderwys-pedagogie van lewenslange leer en die kontemporêre pedagogie van kritiese denke by. Die kern van die sentrum is 'n e-klaskamer wat ontwerp is met die oog op die oordrag van kennis in 21^{ste}-eeuse styl, waar die Biblioteek opleiding ter ondersteuning van hierdie twee kritieke pedagogieë aanbied.

Gegewe hierdie uitstekende opleidingsfasilitet, kon die Biblioteek, sedert die ingebruikneming van die sentrum, sy opleidingsessies om studentesukses te ondersteun dermate vermeerder dat opleidingstatistiek sedert 2011 'n stellige toename getoon het. In 2012 is daar weer bykans 4 000 méér studente as in 2011 opgelei.



Grafiek 1: Gebruikerstalle per maand (Leersentrum), 2011–2012

Die unieke fasiliteits- en diensaanbod van die Leersentrum het dié fasiliteit studente, veral voorgraadse studente, se voorkeurstudieplek gemaak. Die gebruiksyeers wat in die loop van die oorsigjaar ingewin is, getuig van die groot aantrekingskrag van die fasiliteit. Gedurende 2012 het gemiddeld 1 574 studente per dag die Leersentrum besoek. In vergelyking met die tydperk Januarie tot Augustus 2011, het altesaam 7 144 méér studente die Leersentrum in die ooreenstemmende tydperk in 2012 besoek.

Die toename in die dienste van die Leersentrum, die toename in die aantal studente wat opleiding ontvang het, sowel as die voortgesette styging in gebruik (sien grafiek 1), verwesenlik die US-oogmerk om dinamiese, kliëntegerigte fasiliteite te skep wat 'n integrale deel van die akademiese lewe van US-studente uitmaak en beduidend tot inligtingsgeletterdheid en lewenslange leer sal bydra.

Dit is derhalwe die mening dat hierdie sentrum hiermee sy insluiting by die Universiteit se HOOP Projek werklik ten volle regverdig.

Carnegie Navorsingsruimte

Die Navorsingsruimte is duidelik baie gewild onder navorsers en nagraadse studente. Trouens, weens die geweldige vraag onder die gebruikersgemeenskap, word daar beplan om in die nabije toekoms nóg individuele werkruimtes in die fasiliteit te skep. Die Navorsingsruimte begin slaan ook al hoe meer munt uit sy videokonferensiefasiliteit. Hierdie fasiliteit maak volle gebruik van globale netwerkinfrastruktuur om vakkundige gesprek en navorsingsteun te faciliteer.

Die personeel van die Navorsingsentrum het boonop met 'n stel werksessies ontwikkel wat 'n nuwe dimensie aan biblioteekopleiding gee deur deelnemers onder meer bloot te stel aan die opsoring van statutêre inligting en regeringstatistieke, die ontginning van virtuele dienste, publikasie in ooptoegangsbronne, die berging en deel van groot lêers, en die jongste ontwikkelings op hul bepaalde gebied. Nuwe werksessies word voortdurend na gelang van vaardigheidsbehoeftes bygevoeg.

Die Navorsingsruimte geniet steeds vlagskipstatus onder die toonaangewende navorsingsuniversiteite in die land, en lok 'n beduidende getal besoekers, wat op sy beurt tot die ontwikkelingsportefeuilje van die Universiteit bydra en 'n

nasionale gesprek oor die maatstawwe vir uitnemendheid in navorsingsteun aanwakker.

Ingenieurs- en Bosboubiblioteek



'n Belangrike kenmerk van die nuwe tendens in akademiese biblioteekontwerp is dat biblioteke met die oog op buigsaamheid ingerig word. Dít fasiliteer moeitelose aanpassing by snelontwikkelende en -veranderende tegnologie, en maak 'n enkele ruimte buigsaam en veeldoelig. Uiteindelik is nuwe akademiese-biblioteekontwerp daarop afgestem om vir nuwe leer- en onderrigmetodes in die hoéronderwysomgewing voorsiening te maak én dit te fasiliteer.

Die nuwe Ingenieurs- en Bosboubiblioteek is 'n hipermoderne fasiliteit waarvan die argitektoniese ontwerp-elemente doelbewus uitbeeld dat die gebou deur sowel voornemende ingenieurs as bosbouers gebruik word. Die biblioteek bestaan uit ruim studie- en ontspanningsruimtes; meer as 30 rekenaarstasies; 'n moderne, interaktiewe klaskamer met 'n verdere 25 rekenaarstasies; twee veeldoelige seminaarkamers met platskerm-monitors en aansluitingspunte vir skootrekenaars, sowel as 'n aantal ander fasilitete.

Hierdie nuwe, moderne en funksionele biblioteek op die US-kampus is nou een van 'n rits innoverende fasiliteite wêreldwyd wat bewys dat 'die biblioteek as plek' al hoe belangriker word in 'n veranderende hoéronderwysomgewing.

3.2 Bevordering van inligtingsgeletterdheid

In dié era van inligtingsoorlading is dit noodsaaklik dat studente geleer word om net die tersaaklikste inligting vir hul akademiese doeleindes op te spoor, en om daardie inligting eties te gebruik.


Die inligtingsgeletterdheidsprogram van die Biblioteek- en Inligtingsdiens dra tot studentesukses en -deursetsyfers sowel as 'n groter groep moontlike nagraadse studente aan die US by. Weens die belang van 'n sterk inligtings-

geletterdheidsprogram, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens dié program in 2012 verder uitgebrei en versterk.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het met 'n aantal akademiese departemente en steunafdelings, onder meer die Taalsentrum, die Afdeling Navorsingsontwikkeling en die Nagraadse en Internasionale Kantoor, saamgewerk om sy inligtingsgeletterdheidsprogram in die oorsigjaar te lewer, uit te brei en te versterk. Die Biblioteek dien ook in die Taakspan voor Akademiese Geletterdheid, wat in oorelog met ander tersaaklike rolspelers verantwoordelik is vir die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsvaardighede en 'n virtuele portaal vir generiese opleiding en selfstudie aan die US.

Die Biblioteek het heelwat hulpbronne daarin belê om gedurende 2012 'n sterk inligtingsgeletterdheidsprogram aan 14 257 voorgraadse studente te bied, hetsy deur individuele of groepsessies (sien grafiek 2). Inligtingsgeletterdheid is deurslaggewend vir studentesukses en -deursetsyfers, en dus beloof die insluiting van inligtingsgeletterdheid by voorgraadse kredietdraende programme slegs goed. Fakulteitsbibliotekarisse het in die volgende kredietdraende kursusse inligtingsgeletterdheid onderrig of daartoe bygedra:

- Inligtingsvaardighede 172/174
- Taal- en Denkvaardighede 114
- Inleiding tot die Reg 171
- Regsvaardighede 411
- Wetenskapkommunikasievaaardighede 172
- Professionele Kommunikasie 113
- Gereedskap vir Bioloë 372



Grafiek 2: Getal voorgraadse studente opgelei in 2012

- Navorsingsmetodologie 312


Die Biblioteek se onwankelbare verbintenis tot die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheid blyk ook uit die nagraadse aanbod. In 2012 het 4 804 nagraadse studente – en dus 49% van die algehele nagraadse studentepopulasie – sessies in inligtingsgeletterdheid bygewoon.

Die opleidingsaanbod aan nagraadse studente in 2012 ressorteer hoofsaaklik onder drie kategorieë, naamlik bystand om inligtingshulpbronne op te spoor, bystand om navorsing te dokumenteer, en bystand om die sigbaarheid van navorsingsuitsette te verbeter. Die Biblioteek het in al drie kategorieë 'n aantal opleidingssessies aangebied, waaronder "Refworks: verwysingsbestuur"; 'n Scopus-werksessie oor sitaatontleding en tydskrifprestasie-aanwysers; "Belangrike besluite oor die publikasie van jou navorsing" en "Hoe kan oop toegang vir my meer sitate verseker?".

Benewens die kredietdraende opleiding aan voorgraadse studente, is twee kredietdraende kurrikulumgeïntegreerde programme in inligtingsgeletterdheid op nagraadse vlak vir alle MBA-eerstejaars op die Bellvillepark-kampus aangebied. Die Biblioteek het ook die nagraadse module Regsvaardighede LLB met vrug in die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied.

3.3 Ondersteuning en deel van institusionele vakkundige publikasieuitset

Ten opsigte van oop toegang het die US gedurende 2012 steeds die toon aangegee. Dít is in pas met die instelling se strategiese planne om sy kennisbasis uit te brei, sowel as met internasionale biblioteektendense wat betref




Grafiek 3: Getal nagraadse studente opgelei in 2012

alternatiewe metodes om vakkundige literatuur te versprei. Oop toegang bied navorsers 'n alternatiewe kanaal om hul navorsingsbevindinge onder die grootste moontlike gehoor te versprei en hul navorsingsimpak en -sigbaarheid te verhoog, sonder om die integriteit en noulettendheid van goeie akademiese publikasie prys te gee.

SUNScholar

In die tydperk onder beskouing het die Biblioteek- en Inligtingsdiens sy stel ooptoegangsfasiliteite en -dienste verder uitgebrei. Die aantal items in sy navorsingsbewaarplek het aansienlik toegeneem, maar bowenmal was daar 'n beduidende verbetering in die sigbaarheid van die US se navorsingsuitsette. Die Universiteit se beleid om slegs elektroniese afskrifte van voltooide tesisse en verhandelings te aanvaar, het in 2012 nogeens tot die groei in die tesis- en verhandelingsversameling in hierdie bewaarplek bygedra, soos wat grafiek 4 toon.




Grafiek 4: Groei in die tesis- en verhandelingsversameling in SUNScholar, 2008–2012

Die algehele aantal items in die bewaarplek het sedert 2009 gestadig toegeneem. Hierdie geleidelike groei het oor die afgelope aantal jaar ook die sigbaarheid van die navorsingsinhoud in SUNScholar verbeter. Grafiek 5 toon die gebruiksverspreiding van SUNScholar onder die tien lande wat in 2012 die grootste hoeveelhede inligting van die bewaarplek bekom het, wat die verhoogde sigbaarheid van die US se navorsingsuitsette onderstreep.

SUNJournals

Die SUNJournals-projek, wat in 2010 'n aanvang geneem het, het in 2012 'n konsolidasiefase beleef. Die huidige titels



Grafiek 5: Voorste tien gebruikers van SUNScholar, 2012

van die US het tot 16 aangegroei, wat vier nuwe titels, naamlik *South African Journal of Library and Information Science*, *Scriptura*, *Cardiovascular Journal of Africa* en *Missionalia* insluit. 'n Aantal titels is gedurende die konsolidasiefase terugwerkend gedigitaliseer en is nou vryelik beskikbaar. Die US het ook die leiding geneem om 'n formele publikasiediens aan sy akademiese gemeenskap te bied, en dien nou as aankloppunt vir ander instellings op die Afrikavasteland wat hulp en/of advies met betrekking tot ooptoegangspublikasie verlang.

Die sukses van die SUNJournals-projek het as grondslag vir die ontwikkeling van AOARI, oftewel die inisiatief vir 'n Afrika-optoegangsbewaarplek, gedien. Die Bibliotek- en Inligtingsdiens het die AOARI-platform (<http://ar1.sun.ac.za/>) in November bekend gestel. AOARI is 'n 'hipernavorsingsbewaarplek' wat akademiese en navorsingsinstellings van Afrika in staat stel om hul vakkundige literatuur met die grootste moontlike gehoor te deel. Die hoofdoel van die publikasieplatform is om 'n forum te skep om selfpublikasie te faciliteer, sonder om die noulettendheid van akademiese publikasie prys te gee; om inhoud te bewaar, en om die verspreiding van vakkundige inhoud radikaal te verbeter.

Berlyn 10-optoegangskonferensie

Die US was bevoordeel om in 2012 die eerste Afrika-instelling te kon word om die Berlyn-optoegangskonferensie aan te bied. Die konferensietema was "Networked scholarship in a networked world: participation in Open Access". Die klem van die byeenkoms was daarop om die ontwikkelende

wêreld, veral Afrika, na die brandpunt van internasionale kennisproduksie te bring, en om hierdie transformasie deur die deel van vakkundige inhoud te bewerkstellig. Die konferensie is allerwee geloof vir die statuur van die sprekers en die gehalte van die diskouers.

Me Máire Geoghegan-Quinn, die Europese Unie se kommissaris vir navorsing, innovasie en wetenskap, het in haar hoofrede beklemtoon dat oop toegang 'n manier is om die beste moontlike ekonomiese waarde uit openbaar gefinansierde navorsing te put. Die Suid-Afrikaanse minister van wetenskap en tegnologie, Derek Hanekom, 'n spreker by die galadinee, het op sy beurt Suid-Afrika se verbintenis tot toenemende navorsingsproduksie sowel as die deel daarvan getoon.


Gedagdig aan Afrika se sogenaaamde marginalisasie as kennisprodusent weens sy beperkte toegang tot navorsing, en in die lig van die gebrek aan vaardighede en infrastruktuur om die deel van navorsingsuitsette te faciliteer, het die US bepaalde platforms ontwikkel (sien SUNJournals hierbo) ten einde die deel van uitsette onder navorsers van die vasteland te bewerkstellig. Die aanbieding van die konferensie en die bekendstelling van die platforms vestig die US nou as voorloper in oop toegang op die vasteland.



Me Máire Geoghegan-Quinn, Europese kommissaris vir navorsing, innovasie en wetenskap, en mnr Robert-Jan Smits, direkteur-generaal vir navorsing en innovasie van die Europese kommissie

Optoegangspublikasiefonds

Die Bibliotek het in 2010 'n suksesvolle aansoek om finansiering uit die Universiteit se Strategiese Fonds



Grafiek 6: Ooptoegangspublikasiefonds – getal aansoeke per fakulteit, 2012

ingedien. ’n Gedeelte van die toegestane finansiering is aan die ontwikkeling van ’n sentrale Ooptoegangsfonds toegewys, sodat die instelling US-navorsers kan help om in ooptoegangsstydkrifte te publiseer. Die eerste artikel is in Junie 2011 uit die Ooptoegangsfonds gefinansier.

In 2012 het die Biblioteek geld uit sy materiaalbegroting bewillig om die Ooptoegangsfonds verder te versterk. Akademiese departemente is gevolegt oor die doel van die fonds ingelig en genooi om om finansiering aansoek te doen om in ooptoegangsstydkrifte te publiseer. Daarbenewens is ’n webtuiste en aanlynaansoekvorms vir die fonds ontwikkel om die aansoekproses te vergemaklik. ’n Fondsbeleid en verwante procedures het ook die lig gesien om die bestuur en administrasie van die fonds sowel as die verwerking van finansieringsaansoeke te rig. Sedert die stigting van die fonds, is altesaam 75 artikels reeds gefinansier. In 2012 het die Biblioteek 50 aansoeke om finansiering vir die publisering van ooptoegangsaartikels goedgekeur en artikelfooie van sowat R484 655.00 aan US-navorsers oorbetaal.

Grafiek 6 toon die getal finansieringsaansoeke per individuele fakulteit. Waar meer as een outeur ter sprake is, word die hoofouteur se fakulteit aangedui. Die meeste aansoeke was van navorsers in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, en Teologie.

Digitaliseringsprogram

Die Biblioteek het in 2011 finansiering van die Carnegie

Navorsingsbiblioteekkonsortium verkry om etlike van sy spesiale versamelings te digitaliseer. Die inisiatief om hierdie versamelings te digitaliseer maak deel uit van die Biblioteek-en Inligtingsdiens se strategiese inisiatiewe om hoëvlakvakkundige uitsette en die deel van data te ondersteun en te ontwikkel, en bevorder op sy beurt ook die groter strategiese doelwitte van die Universiteit. Hierdie waardevolle Universiteitsversamelings bevat voorts besonder unieke materiaal wat diepe insig in die geskiedenis en ontwikkeling van ons land bied. Deur hierdie materiaal te digitaliseer, verseker die Biblioteek nie net dat waardevolle dokumente beskikbaar gestel word om nuwe navorsing en skakeling te inspireer nie, maar ook dat hierdie kosbare, unieke dokumente vir ewigdurende toegang en gebruik bewaar word.

Gedurende 2012 het die Biblioteek alle aangewese spesiale en musiekversamelings gedigitaliseer waarvoor finansiering goedgekeur en ontvang is:

- Die Hugh Solomon-kaartversameling – Hierdie kaartversameling maak deel uit van die groter Hugh Solomon-versameling wat in die 1960’s aan die Biblioteek geskenk is. Hierdie uitstekende en unieke versameling historiese kaarte, hoofsaaklik van Afrika, kan tot voor 1860 teruggevoer word. Die oudste kaart dateer uit ongeveer 1714.
- Die *Vrye Weekblad* – Die enigste bestaande Afrikaanse koerant wat hom teen apartheid uitgespreek het, vir die tydperk 1988 tot 1993. Hierdie weekblad bevat unieke verslaggewing oor ’n kenteringstyd in die geskiedenis van Suid-Afrika.
- Die Stellenbosse Gespreksforum-versameling – Hierdie gespreksforum, wat uit organisasies van oor die hele Stellenbosch bestaan, het korrespondensie en vergaderingdokumente opgelewer wat van transformasiepogings in die Stellenbosse gemeenskap getuig.
- Die Stellenbosch Municipaliteit- (IMS-)versameling – Hierdie versameling bevat belangrike historiese inligting oor die dorp Stellenbosch, veral uit die onstuimige tyd van die Groepsgebiedewet.
- Die *Zuid-Afrikaan* – Die uitgawes van hierdie Kaapse dagblad vir die tydperk 1830–1910 is ’n betreklik brose mikrofilm-versameling. Dit is een van die eerste

- Hollandse koerante in die land, en 'n uiters waardevolle bron van historiese inligting oor Suid-Afrika.
- Die Walton-versameling – Dit is 'n versameling oorspronklike sketse deur James Walton, 'n doyen van volksboukunde in Suid-Afrika.
 - Die André Pretorius-versameling – 'n Versameling unieke foto's van historiese Suid-Afrikaanse argitektuur wat 'n belangrike deel van die volksboukundige geskiedenis van die land dokumenteer.
 - Die WJ Leyds-versameling – Hierdie versameling bestaan uit belangrike pamflette en efemera oor die Anglo-Boereoorlog.
 - Musiek- (DOMUS-)versamelings: Die Albert Coates-versameling en die Stefans Grové-versameling. Hierdie twee versamelings bied toegang tot die volledige musikale oeuvre van, en efemera met betrekking tot, hierdie twee vooraanstaande komponiste. (Grové is een van ons land se voorste komponiste, en die Russiese-Britse Coates het gedurende sy jare in Suid-Afrika in die vroeë 20^{ste} eeu 'n beduidende bydrae tot die Suid-Afrikaanse kunsmusiektoneel gelewer.)

3.4 Uitbreiding en aanvulling van 'n volledige reeks inligtingshulpbronne

Die Biblioteek se strategiese pogings draai daarom om 'n versameling hulpbronne op te bou wat die strategiese doelwitte van die Universiteit ondersteun, die hoë standaard van onderrig aan die instelling versterk, studentesukses faciliteer en navorsingsuitsette versnel.

Die Biblioteek het gedurende 2012 baie nuwe en innoverende hulpbronne bekom om leemtes in die versameling te vul en innoverende navorsing en leer aan die instelling te ondersteun.

Nuwe databasisse en aanlyntydskrifpakkette


- APS – volledige tydskrifpaket van die Amerikaanse Vereniging vir Natuurwetenskap
- CUP – tydskrifpaket van Cambridge University Press
- IMechE – vaktydskrifte van die Instituut vir Mekaniese Ingenieurs
- JAMA Journals – uitgegee deur die Amerikaanse Mediese Vereniging
- ACM – digitale biblioteek van die Vereniging vir

Rekenaarkundemasjinerie

- Book Citation Index
- Business Monitor Online
- Conference Proceedings Citation Index
- Elsevier se *Handbooks in Economics*
- Evidence-Based Medicine
- ICE – virtuele biblioteek van die Instituut vir Siviele Ingenieurs
- International Wine Marketing and Wine Tourism
- JutaStat Current Unreported Judgements
- JutaStat SA Statutes and Regulations
- Proquest Business Package
- Sage Research Methods Online (SRMO)
- SSRN Legal Scholarship Network
- E-biblioteek van die Wêreldbank

Elektroniese vaktydskrifte

Die getal elektroniese vaktydskrifte in die versameling het van 60 919 titels in 2011 tot sowat 114 840 titels in 2012 aangegroei. Grafiek 7 toon dié toename. Dít sluit alle aanlyntydskrifte in wat via databasisse en tydskrifpakkette bekombaar is. Die groot toename in 2012 kan toegeskryf word aan die ingebuikneming van tydskriftitels op groot databasisse soos die e-biblioteek van die Wêreldbank, die databasis van die Verenigde Nasies se Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD), Hein Online en die LexisNexis-databasis. Altesaam 91 tydskriftitels is gedurende 2012 in elektroniese vorm omskep. Dít strook met tendense in versamelingsbestuur en -gebruik in akademiese biblioteke.




Grafiek 7: Volledigeteks-aanlyntydskrifte beskikbaar via die Biblioteek se A-tot-Z-lys, 2007–2012

Groei in die boekversameling

Elektroniese boeke


Die Biblioteek het sy elektroniese boekversamelings op groot e-boekplatforms soos Ebrary, MyiLibrary, ScienceDirect, Wiley-Blackwell, Cambridge University Press, WoltersKluwer OVID en Palgrave verder uitgebrei. Die US se e-boekaanbod is op 'n hele paar verskillende, ultramoderne platforms, as deel van uitgewerspakkette sowel as in individuele e-boeke op saamgevoegde platforms beskikbaar. Hierdie veelsydigheid bied soveel moontlik gerief aan ons gebruikers en stel hulle aan verskillende tegnologieë en koppelvlakke bloot, wat deel is van die leerproses aan die Universiteit sowel as in die Biblioteek self. Ons e-boeke kan aanlyn óf met behulp van toestelle soos iPads en slimfone gelees word. Grafiek 8 toon die toename in die elektroniese boekversameling.



Grafiek 8: Groei in elektroniese boekversameling, 2009–2012

Gedrukte boeke

Ook die gedrukte boekversameling het oor die jare toegeneem, wat as bewys dien van die Biblioteek se doeltreffende en omsigtig bestuurde materiaalkeuses en suksesvolle verhoudings met fakulteite (sien grafiek 9). In 2012 het fakulteitsbibliotekarisse wéér nou met fakulteitspersoneel saamgewerk om net die beste en mees tersaaklike titels vir die versameling te kies. Baie faktore word in die keuse van boeke in ag geneem, waaronder die toepaslike vorm vir die titel (gedruk of elektronies), die behoeftes van beskikbare akademiese programme aan die Universiteit, en nuwe navorsingstrome of -projekte in die onderskeie fakulteite.



Grafiek 9: Grootte van die gedrukte boekversameling, 2002–2012

Gebruik van elektroniese hulpbronne

Die Biblioteek se aanlynhulpbronne word steeds wyd gebruik. Tabel 1 toon die aantal volledige tekste wat in 2012 van die Biblioteek se tien gewildste hulpbronne bekom is. Die groter, multidissiplinêre databasisse en tydskrifpakkette word die meeste geraadpleeg. Dít is heel waarskynlik omdat dit so maklik is om hierdie platforms te gebruik, sowel as weens die groot omvang van inligting wat op die databasisse beskikbaar is. Uitgewertydskrifpakkette word ewe ywerig aangewend, wat studente en navorsers se voorkeur toon vir die heel jongste artikels, wat slegs direk van tydskrifuitgewers eerder as saamgevoegde databasisse verkrygbaar is.

Toegang tot hierdie aanlyninhoud word onderstut en gerugsteun deur voortdurende biblioteekopleiding oor hoe om elektroniese hulpbronne te gebruik, hoe om die beste hulpbronne vir navorsing en studie te kies, en hoe om jou

Tabel 1: Tien gewildste hulpbronne: volledige tekste afgelaai in 2012

JSTOR	181 012
ScienceDirect	144 619
Wiley Online Library Full Collection	107 582
Academic Search Premier	96 689
McGregor BFA	70 622
Springer/Kluwer full-text journal package	62 440
Business Source Premier	49 709
South African Law Reports	46 773
Taylor and Francis SSH and S&T Journal Collection	43 363
PsycARTICLES	37 955

weg deur die groterwordende wêreld van aanlynhulpbronne te baan. Daarbenewens ondersoek en implementeer die Biblioteek nuwe opsporings- en soekinstrumente, byvoorbeeld Primo, ten einde toegang tot elektroniese hulpbronne te faciliteer.

Instrumente vir navorsingsprestasiebestuur

Die Biblioteek is 'n kernrolspeler om navorsingsuitsette te faciliteer en die Universiteit sy navorsingsprestasie en -beoordeling te help bestuur. Gedurende 2012 het die Biblioteek voortgegaan om toonaangewende instrumente vir navorsingsprestasiebestuur in werking te stel. Die Universiteit gebruik reeds sedert die einde van 2009 SciVal Spotlight, 'n navorsingsbestuursinstrument wat die Universiteit bystaan om nisgebiede vir navorsing, navorsingsterkpunte sowel as gebiede vir navorsingsamewerking te bepaal.

In 2012 het die Biblioteek twee bykomende navorsingsbestuursinstrumente uit die SciVal-stal, naamlik SciVal Experts en SciVal Strata, in gebruik geneem. SciVal Experts is 'n innoverende, vooraf-voltooide platform wat bygewerkte navorsersprofiële vir die akademiese personeel van die US voorsien. Hierdie profiele bied uitstekende visuele en grafiese inligting oor navorsers se publikasiegeskiedenis, navorsingstendense en huidige navorsingsvennootskappe en -samewerking. SciVal Strata stel jou in staat om individuele, span- of departementele prestasie aan die hand van 'n verskeidenheid maatstawwe soos sitate en dokumentuitsette te meet.

Hierdie navorsingsbestuursinstrumente faciliteer verdere samewerking onder navorsers binne die Universiteit, sowel as met navorsers wat nie aan die instelling verbonde is nie. Dit is boonop uitstekende netwerkinstrumente om individuele en departementele kundigheid uit te wys, en stel die Universiteitsbestuur in staat om navorsingsprestasie strategies te beoordeel en te meet.

3.5 Bevordering van 'n positiewe organisatoriese leer- en innovasiekultuur onder personeel

Akademiese biblioteke is op 'n ongekende ontwikkelingspad en moet hulself voortdurend verbeter om nuwe uitdagings vir beter dienslewering aan verskillende gebruikers-

gemeenskappe die hoof te bied. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens neem aktief deel aan voortgesette onderrig en professionele ontwikkeling. Dít blyk duidelik uit die dienste wat dit aan sy gebruikersgemeenskappe sowel as aan die biblioteek- en inligtingsberoep oor die algemeen lewer. Met sy proaktiewe en kreatiewe benadering, en hertoerusting van bestaande posbekleërs om nuwe uitdagings die hoof te bied, het hy hom as leier op die Afrikavasteland gevestig. Van hierdie leiersrol getuig die aantal referate wat by konferensies gelewer word, die publikasies wat uit die Biblioteek spruit, en die internasionale prysse wat sy personeel ontvang.

Internasionale konferensies bygewoon

- Ellen Tise het SPARC (die Vakkundige Publikasie- en Akademiese Hulbronkoalisie) se ooptoegangskonferensie in Kansas City, Amerika, bygewoon, 12–13 Maart 2013.
- Ina Smith het 'n byeenkoms oor die volhoubaarheid van ooptoegangspublikasie in Afrika, in Londen, Verenigde Koninkryk, bygewoon, 17 Mei 2012.
- Ellen Tise en Reggie Raju het IFLA (die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings) se 78^{ste} algemene konferensie en vergadering in Helsinki, Finland, bygewoon, 11–17 Augustus 2012.
- Alvina Matthee het die "Training of Trainers"-geleentheid vir biblioteekpersoneel, getiteld "Collaboration for Evidence Based Healthcare in Africa (CEBHA)", in Addis Abeba, Ethiopië, bygewoon, 1–5 Oktober 2012.

Nasionale en plaaslike konferensies bygewoon

- Tien personeellede het die 14^{de} jaarkonferensie van LIASA (die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika) in Durban bygewoon, 1–5 Oktober 2012.
- Vier personeellede het die 11^{de} Suider-Afrikaanse Aanlyninligtingsvergadering (SAOIM) getiteld "Innovation in an Age of Limits" in Johannesburg bygewoon, 5–8 Junie 2012.
- Sewe personeellede het die sesde jaarkonferensie oor die Akademieskap van Onderrig en Leer in Somerset-Wes bygewoon, 22–23 Mei 2012.
- Vier-en-twintig personeellede het die Berlyn 10-optoegangskonferensie by die Universiteit Stellenbosch

bygewoon, 6–8 November 2012.

Personeel wat referate by werksessies of konferensies aangebied het

- Ilse de Lange het 'n werksessie getiteld "E-book Purchasing Models, Collection Development and Similar Procurement Issues" in ses verskillende streke op die halfjaarlikse promosietoer van SANLiC (die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium) aangebied, Mei 2012.
- Santie de Jongh het 'n referaat getiteld "Anarchy in the archive again: A story of a South African punk rock music collection" by die jaarkonferensie van die Internasionale Vereniging vir Musiekbiblioteke, -argiewe en -dokumentasiesentrums (IAML) in Montreal, Kanada, aangebied, 22–27 Julie 2012.
- Ina Smith en Naomi Visser het 'n referaat getiteld "The 'economics' of research 'shares': what is the return on our open access investments?" by die 11^{de} SAOIM-konferensie in Johannesburg aangebied, 5–8 Junie 2012.
- Ina Smith het 'n referaat getiteld "Open Access at Stellenbosch University: the road travelled and the road ahead" by die Vaal Universiteit van Tegnologie (VUT) se ooptoegangseminaar van 2012 in Johannesburg aangebied, 25 Oktober 2012.
- Reggie Raju en Paulette Talliard het 'n referaat getiteld "Taking the Lead : Stellenbosch University's venture into Open Access using Open Journal Systems" by die 14^{de} jaarkonferensie van LIASA in Durban aangebied, 1–5 Oktober 2012.
- Reggie Raju het 'n referaat getiteld "Africa's transition from the shadows into the open: with specific reference to Stellenbosch University's contribution to open access" by die 46^{ste} konferensie van die Zimbabweense Biblioteekvereniging in Kadoma, Zimbabwe, aangebied, 29–31 Mei 2012.
- Reggie Raju het 'n referaat getiteld "Blazing new paths in open access for African librarianship" by die 78^{ste} algemene konferensie en vergadering van IFLA in Helsinki, Finland, aangebied, 11–17 Augustus 2012.
- Reggie Raju het 'n sessie "Open access: strengthening African higher education through the dissemination of

research content" by 'n seminaar oor die waarde van oop toegang vir die hoër onderwys in Afrika by die Universiteit van Kaapstad aangebied, 6 Maart 2012.

- Ellen Tise het die volgende plaaslike en internasionale referate gelewer:
 - "African librarianship: a relic, a fallacy or an imperative?", openbare lesingreeks oor 21^{ste}-eeuse bibliotekarisskap in Afrika, aangebied deur die UNISA/IFLA-streekskantoor vir Afrika, 25 Mei 2012, UNISA, Pretoria.
 - "A transforming landscape: academic libraries in the 21st century", 12^{de} vergadering van ANKOS (Anatoliese Universiteitsbiblioekkonsortium), 26 April 2012, Fırat -universiteit, Elazığ, Turkye.
 - "Changing paradigms, changing imperatives and changing library services", jaarvergadering van voormalige biblioteekpersoneel, 1 Februarie 2012, Hamburg, Duitsland.
 - "Global trends in library and information services", 20^{ste} SCECSAL (Staande Konferensie van Oostelike, Sentraal- en Suider-Afrikaanse Biblioteekverenigings), 4–8 Junie 2012, Nairobi, Kenia.

Publikasies

- Raju, R, Witbooi, S & Goosen, A. 2012. Now into big strides: report on statutory status for the South African Library and Information Services (LIS) sector. *South African Journal of Library and Information Science*.
- Raju, R, Smith, I, Talliard, P & Gibson, H. 2012. Open access: are we there yet? – the case of Stellenbosch University, South Africa. *South African Journal of Library and Information Science*.
- Tise, ER. 2012. Boekhoofstuk, Libraries driving access to knowledge (A2K), in Lau, J, Tammaro, A & Bothma, T. (reds). *Libraries driving access to knowledge*. De Gruyter.

Prestasies

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens verleen graag erkenning aan Ina Smith en Ellen Tise wat in 2012 toonaangewende pryse ontvang het.

Die EPT (Elektroniese Publikasietrust vir Ontwikkeling) is in 1996 gestig om oop toegang tot die wêreld se vakkundige

literatuur te faciliteer, en om die elektroniese publikasie van beoordeelde biowetenskapydskrifte te ondersteun in lande wat probleme met tradisionele publikasie ervaar. In 2012 het die EPT 'n jaarlike prys bekend gestel vir individue in ontwikkelende lande en lande in oorgang wat beduidend tot die bevordering van die saak van oop toegang en die vrye uitruiling van navorsingsbevindinge bygedra het. Ina Smith, die bestuurder van die e-navorsingsbewaarplek van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, was die naaswenner van hierdie gesogte prys.

Op sy beurt ken IFLA 'n eregenootskap aan sy uitnemende leiers toe. Hierdie prys is IFLA se hoogste eerbewys en word slegs op grond van meriete toegeken. Die beheerraad het dit derhalwe in 2012 goedgedink om die eregenootskap aan sy pas uitgetrede president, Ellen Tise, toe te ken.

Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA) is die beskermheer en verskaffer van die nasie se belangrikste kennishulpbronne. Ooreenkomsdig artikel 6(1) van die NBSA-wet stel die minister van kuns en kultuur van tyd tot tyd 'n nuwe NBSA-raad saam. Op grond van Ellen Tise se aansien in die biblioteek- en inligtingsektor het die minister haar as voorsitter van die biblioteekraad vir die tydperk Oktober 2012 tot September 2015 aangestel.

3.6 Voorsiening van ultramoderne inligtingstegnologie-infrastruktuur om ons gebruikers se veranderende behoeftes te ondersteun

SUNSearch

Die e-hulpbronopsporingsdiens SUNSearch is aan die begin van die akademiese jaar 2012 bekend gestel en naatloos by die Biblioteek- en Inligtingsdiens se web- en mobiele tuisties geïntegreer. Met hierdie nuwe, gefedereerde soekinstrument rus die Biblioteek die student en navorser met nuwe en kontemporêre Google-tipe instrumente toe om die ryke verskeidenheid inligtingshulpbronne van die US te deursoek. Die student beskik ook oor 'n gekonsolideerde opsporingsdiens om toegang tot tradisionele boekhulpbronne sowel as aanlynboek-, aanlyntydskrif- en aanlyndatabasis hulpbronne te kry.

Integrasie van biblioteekhulpbronne en -dienste by die Universiteit se e-leer- en e-navorsingsomgewings

Noudat die SUNSearch-opsporingsdiens ook deel uitmaak van die Universiteit se nagraadse studenteportaal, kan sowel navorser as nagraadse student veelvuldige inligtingshulpbronne vanaf 'n enkele toegangspunt deursoek, sonder om die portaalraamwerk te verlaat. Dít bring die Biblioteek en sy hulpbronne nader aan die student of navorser se werksomgewing, en voeg waarde toe in daardie ruimtes waar studente en navorsers dit verwag en nodig het. Gedurende 2012 het die Biblioteek ook voortgegaan om sy biblioteekhandleidings en inligtingsgeletterdheidsinhoud by die US se leerbestuurstelsels te integreer. Sodoende kan studente nou op dieselfde plek toegang tot hul leerinhoud sowel as die Biblioteek se hulpbronne en dienste bekom.

'n Nuwe webtuiste vir beter toegang

Die Biblioteek het aan die begin van die akademiese jaar 2012 'n nuwe en beter webtuiste bekend gestel. Die nuwe webtuiste is ná deeglike oorlegpleging met navorsers en personeel ontwikkeld om te verseker dat dit beter toegang tot inligtingshulpbronne en die Biblioteek se ondersteuning en dienste faciliteer.


Mobiele toegang tot hulpbronne

Die ingebuikneming van die nuwe Biblioteekwebtuiste is onmiddellik opgevolg met die bekendstelling van 'n mobiele webtuiste om deur middel van handtoestelle selfs makliker toegang tot Biblioteekhulpbronne en -dienste te voorsien. Die mobiele tuiste bied kitstoegang tot die SUNSearch-opsporingsdiens sowel as inligtingshandleidings, nuusgebeure en 'n omvattende lys inligtingshulpbronne wat uitgewers eksklusief vir mobiele toegang ontwikkel het. Hierdie diens stel studente in staat om met 3G-selfoon- of draadlose ontvangs vanaf enige punt op kampus toegang tot Biblioteekhulpbronne te bekom. Met hierdie nuwe ontwikkeling het die Biblioteek toegang tot inligting direk in die hande van US-studente geplaas, en inligting sodoende vir hulle so maklik toeganklik gemaak as wat moderne tegnologie toelaat.

4. Spesiale Versamelings: Bydrae tot navorsingspublikasieuitset

Altesaam 223 nuwe titels is in 2012 vir die Africana-versameling aangekoop. Van die noemenswaardige titels wat gedurende hierdie tydperk bekom is, sluit die volgende in:

- *The first of the African diamonds* (Londen, 1887). Hierdie novelle deur Frances Browne, die 'Blinde Digteres van Donegal' (1816–1879), is 'n unieke stuk jeugfiksie wat op die verhaal van die ontdekking van diamante in Suid-Afrika gegrond is. Die storie, wat met morele lesse verweef is, speel af in Hopetown, waar die eerste diamant ontdek is.
- *Cartoons of the Boer War* deur JM Staniforth (Cardiff, 1900) en *Bramcote ballads* deur Smedley Norton (Londen, 1904). Twee seldsame werke wat die Anglo-Boereoorlog-versameling in Africana aanvul.
- *Freedom! from below: the struggle for trade unions in South Africa* (Braamfontein, 1989). 'n Seldsame plaasvervanger ter versterking van die versameling struggle-literatuur in Africana.
- *With mixed feelings* (Kaapstad, 1976). Foto's deur John Rubython en teks deur Elaine Durbach. Hierdie boek beeld die bruin lewe in Suid-Afrika uit, met foto's deur die wêreldbekende fotojoernalis John Rubython. Die item vul 'n leemte in die Africana-apartheidsfotokategorie.
- *Reading revolution: Shakespeare on Robben Island* deur Ashwin Desai (Pretoria, 2012). 'n Belangrike werk wat heelwat mediadekking in 2012 ontvang het. Die boek onthul hoe gevangenes op Robbeneiland deur middel van literatuur aan hul daaglikse inperkinge ontsnap het.
- *Ardmore: we are because of others* deur Fée Halsted en Roger de la Harpe (Kaapstad, 2012). Hierdie pragtig



geïllustreerde toevoeging tot ons versameling van Suid-Afrikaanse kuns en kunstenaars vertel die unieke verhaal van die Ardmore-pottebakkersateljee in KwaZulu-Natal, van sy totstandkoming uit armoedige omstandighede tot reputasie as skepper van wêreldberoemde kunsvoorwerpe.

- *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War* deur Vincent Kuitenbrouwer (Amsterdam, 2012). 'n Belangrike toevoeging tot ons versameling werke oor die Anglo-Boereoorlog.

Die volgende is 'n lys tasbare verslae en navorsingsuitsette wat gedurende 2012 uit die Africana-afdeling gespruit het:

- *Francis Guthrie: a colourful life* deur Pieter Maritz en Sonja Mouton in *The Mathematical Intelligencer*, 33(4).
- *The Underwood & Underwood stereographs of the Anglo-Boer War, 1899-1902* deur HJ Erasmus in *South African Journal of Cultural History*, 26(2) 2012.
- *Kaap van slawe* deur Marthinus van Bart. Tokai: Historical Media, 2012.
- *Altijd lig: Maggie Laubser, 1886-1973: retrospektiewe uitstalling*. Stellenbosch: Sasol Kunsmuseum, Universiteit Stellenbosch, 2012.
- *Out in the cold: science and the environment in South Africa's involvement in the sub-Antarctic and Antarctic in the twentieth century* deur SME van der Watt. Tesis (DPhil), Universiteit Stellenbosch, 2012.
- *Portrait of a slave society* deur Karel Schoeman. Pretoria: Protea Boekhuis, 2012.
- *JM Coetzee: 'n geskryfde lewe* deur JC Kannemeyer. Johannesburg: Jonathan Ball, 2012.
- *Brothers in arms: Hollanders in the Anglo-Boer War* deur Chris Schoeman. Kaapstad: Zebra House, 2012.

Nuwe aanwinste in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) in 2012 sluit in die versamelings van musikante Anton Goosen en Nico Carstens, en die Suid-Afrikaanse punk- en rockmusiekversameling van versamelaar Ernesto Marques. Twee doktorale studies op grond van DOMUS-versamelings is ook voltooi.

5. LibQUAL-opname

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het in Augustus 2012 nóg 'n suksesvolle LibQUAL-opname onderneem. Altesaam 2 470

kliënte het die opname voltooi en sowat 50% van respondenten het ook van die geleentheid gebruik gemaak om op dienste kommentaar te lewer en verbeteringe voor te stel. Waardevolle inligting oor kliëntvereistes en verwagtinge is ingesamel.

Die LibQUAL-instrument word tans deur meer as 1 000 instellings wêreldwyd (in 17 lande) gebruik, en meet hoofsaaklik diensgehalte aan die hand van 'n kliënt se verwagtinge met betrekking tot die gehalte van diens gelewer. Die drie kernaspekte van diensgehalte wat met hierdie instrument gemeet word, is 'diensiengesteldheid', 'inligtingsbeheer' (die gehalte van die Biblioteekversameling en die voorsiening van inligting) en 'die biblioteek as plek'.

Uit die ontleding van die totale telling wat die Biblioteek in die onlangse opname ontvang het, is dit duidelik dat kliënte se algehele tevredenheid met die Biblioteek se dienste stelselmatig toegeneem het vanaf 2005, toe die eerste LibQUAL-opname onderneem is, tot en met die mees onlangse opname. In 2005 het die Biblioteek 'n totale telling van 6.85 behaal, in 2008 'n totaal van 7.14, en in 2012 'n totaal van 7.18. Die hoogste stygging was op die gebied van 'diensiengesteldheid', wat van 6.86 in 2005 tot 7.16 in 2008, en weer tot 7.31 in 2012 toegeneem het. Die telling op die gebied van 'die biblioteek as plek' het egter ietwat gedaal, van 7.17 in 2008 tot 7.09 in 2012. By nadere beskouing van die opnamevrae oor 'die biblioteek as plek', hou die redes vir die algehele daling met slegs sommige van die vrae verband, soos 'stil ruimte vir individuele werk' en 'ruimte vir groep leer en groepstudie', terwyl vroeë soos 'biblioteekruimte wat studie en leer inspireer' en 'n toevlug vir studie, leer of navorsing' weer hoër tellings ontvang het. Die afleiding

hieruit is dat die nuwe fasilitete soos die Leersentrum en Carnegie Navorsingsruimte in die JS Gericke Biblioteek 'n verwagting by gebruikersgemeenskappe gewek het dat alle fasilitete in die JS Gericke Biblioteek en sy takke opgeknapsal word: Die Biblioteek in die geheel moet 'n inspirerende ruimte en 'n toevlug vir leer en navorsing wees.

Respondente se kommentaar het ook waardevolle voorstelle oor die verdere verbetering van bibliotekdienste opgelewer. 'n Paar voorbeeld van voorgestelde verbeteringe sluit in meer drukkers in rekenaargebiede, beter bestuur van geraasvlakke, 'n verbetering in die fisiese ruimtes by sommige takbiblioteke sowel as in die hoofbiblioteek, meer en beter studieruimtes, en verbeteringe in die toeganklikheid van die Biblioteekwebtuiste sowel as verbeterde soekfunksies.


6. *Bemarking en kommunikasie*

Doeltreffende kommunikasie is die kern van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. As hoofmotief wil die Biblioteek voortdurende bewustheid van die fasilitet se hulpbronne, dienste en geriewe skep. Kommunikasie is ook noodsaaklik om die Biblioteek se strategiese doelwitte te verduidelik, en te verwoord hoe dit tot die Universiteit se algehele reputasie, sukses en aantrekkingskrag bydra.

Die Biblioteek het deelgeneem aan Suid-Afrikaanse Biblioteekweek wat plaasgevind het vanaf 17 tot 24 Maart 2012, met die tema "Develop@YourLibrary". Die Biblioteek het ook vanaf 10 tot 13 April 2012 vir die HOOP Weekvieringe aan uitstellings en ander geleenthede deelgeneem. Daarbenewens het die Biblioteek as deel van hierdie vieringe 'n geleentheid genaamd "Hip Hope Jam" aangebied.

In 2012 het die omvattende publisiteit oor die Berlyn 10-optoegangskonferensie die kollig laat val op die Universiteit se leidende rol in die vestiging van oop toegang as 'n haalbare vakkundige-publikasiemodel, sowel as die bevordering van vrye inligtingsvloei op die Afrikavasteland. Die publisiteit rakende hierdie groot internasionale geleentheid het alle toonaangewende media, van gedruk tot radio, ingesluit en omvattende blootstelling vir die Universiteit as voorloper in, en aktiewe kampvegter vir, akademiese ontwikkeling op die vasteland verseker.

Die Manuskripte-afdeling van die Biblioteek- en



Grafiek 10 : LibQUAL-opname: Totale tellings vir 2005, 2008, 2012

Inligtingsdiens het sy derde lesing, "Immergroen: Jan Rabie", gedurende die Woordfees, op Vrydag 2 Maart 2012, aangebied. Abraham H de Vries en Dave Pepler het die lewe en werk van Jan Rabie, een van ons mees geliefde Afrikaanse skrywers, bespreek. Unieke items uit die Jan Rabie-versameling in die Manuskripte-afdeling is ten toon gestel.

Aangesien kommunikasie die beste werk wanneer die teikengehoor met toepaslike media en 'n kernagtige boodskap bereik word, maak die Biblioteek al hoe meer van sosiale media gebruik. Verskeie blogs sowel as Facebook en Twitter word aangewend om kliënte van inligting te voorsien. Dié instrumente lok boonop terugvoering uit en skep 'n virtuele ruimte waar kliënte en bibliotekarisso sowel as kliënte met mekaar kan skakel.

7. Slotopmerkings

In die lig van 'n toekoms waarin bykans alle voorskryfbaarheid verdwyn het, is dit moeilik om jou voor te stel hoe 'n akademiese biblioteek oor 'n dekade of wat daar sal uitsien, en watter fasiliteite en dienste dit dan sal moet voorsien. Die beste wat ons kan doen in ons pogings om hierdie onbekende en onvoorskrybare toekoms tegemoet te gaan, is om voortdurend met ons kliënte te skakel, om hulle behoeftes te verstaan, en ons dienste daarvolgens te ontwikkel – in sowel die fisiese as virtuele biblioteekruimte. Ons besef dat ons dienste altyd gebruikgerig, persoonlik en buigsaam sal moet wees. Daarmee saam moet ons fasiliteite aantreklik wees, samewerkende leer ondersteun, en die skepping van navorsing en inligting versterk.

Die toekoms is dalk onbekend en onvoorskryfbaar, maar die Biblioteek- en Inligtingsdiens is steeds vasbeslote om aan die spits te wees van die ontwikkeling van 'n robuuste, dinamiese, innoverende en toekomsgerigte wêreldklasbiblioteekdiens en -fasiliteit. Ons sal ons e-navorsingsversamelings nasionaal en internasionaal uitbrei en tot 'n virtuele navorsingsomgewing bydra. Boonop is die Biblioteek verbind tot die bestuur van institutionele digitale bates, die versekering van hul bibliografiese integriteit, en die beskikbaarstelling van waardebelaaiende inhoud. Ons bly onwrikbaar verbind tot die fasilitering en voorsiening van inligtingsgeletterdheidsopleiding in ons strewe om by te dra tot 'n volledig toegeruste 21^{ste}-eeuse digitale burger –

vaardig in lewenslange leer, digitaal én inligtingsgeletterd, en in staat om tot die kenniseconomie by te dra. Die Biblioteek sal beleid en standarde ontwikkel wat met dié van die instelling strook, en sal sy oogmerke met die instelling se fokusgebiede en nuwe visie, missie en institusionele plan versoen.

Ons agenda is bepaal. Daarmee sal ons toesien dat ons sal bydra om studentesukses te verhoog, navorsingsuitsette te verbeter en die sigbaarheid van die US te verhoog.